# PASTORALE BRIEF

# NOVEMBER 2021

## DIE VRUG VAN DIE GEES (IX): SELFBEHEERSING

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Galasiërs 5:22-23

Die res van die vrug van die Gees het te make gehad met ons optrede teenoor ander. Hierdie laaste een gaan egter meer oor ons stryd binne-in onsself. 'n Christen kan nie meer maar soos hy wil, en vrye teuels gee aan elke nuwe impuls wat oor sy pad kom nie. Hy kan nie meer uitbars in 'n woedebui as hy teengegaan word of dinge skeefloop nie. Of uithaak in die verkeer as ander voor hom indraai nie. Hy kan nie meer sy humeur verloor as sy lewensmaat of kinders nie maak soos hy sê nie. Maar die Bybel gebruik hierdie woord ook baie spesifiek vir selfbeheersing op seksuele gebied. 'n Christen kan nie meer toegee aan elke versoeking wat oor sy pad kom, omdat almal so maak nie.

Die rede is eenvoudig: jy is nie meer self in beheer van jou eie lewe nie. Daarom gee jou eie voorkeure nie meer die deurslag nie. In eenvoudige Afrikaans: jy kan nie meer maak soos jy wil nie. Jy behoort nie meer aan jouself nie, maar aan die Here wat duur vir jou betaal het met sy kosbare bloed. Daarom moet jy jou doen en late deur sy Gees laat beheer. Al is die versoeking *hoe* groot om vrye teuels aan jou frustrasies en luste te gee nie. Jy kán eenvoudig nie. En daarmee wil die Gees jou help. Hy wil self die selfbeheersing in jou kweek, soos 'n vrug. Sodat jy die wil van God sal doen, al gebeur wát...